

Inhoud Hierdie preek wys dat die Here die liefde van hierdie wêreld vir Hom veroordeel en verwerp. God laat Hom verheerlik deur die liefde van sy kerk, nie die liefde van hierdie wêreld vir God nie. God beklee sy kerk met die heiligheid en regverdigheid van Jesus as mens sodat sy kerk se dade vir Hom regverdige dade is. Daarom is die Here vir die wêreld die Regter wat hulle klaar veroordeel het en met sy wederkoms sal bymekaar maak om hul vonnis uit te dien. Vir die Kerk is die Here die bruidegom wat vir hulle 'n bruilofsmaal voorberei het. Hy sal Hom deur hulle liefde laat verheerlik en saam met hulle in hierdie liefde vir ewig lewe. Daarmee verwerp God die magshouding van hierdie wêreld dat hulle God die God van hul kragtigheid en magtigheid kan maak deur Hom te verneder as net nog 'n afgod van mense. God is nie die god wat mense laat voel en laat lyk soos god nie.

Liturgie 1. Ps. 23 verse 1,2,3. 2. Lied 297 verse 1,2,3. 3. Lied 587 verse 1 en 2.

Skriflesing 1 Joh. 4: 9- 12; 5: 1- 5; Open. 17: 3 – 6; 19: 1 - 10.

Teks Open. 19: 9. Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam genooi is

Tema God verheerlik Homself deur sy kerk se liefde

1. Liefde is liefde en ons mag nie oordeel nie! Dit het die slagspreuk van hierdie sondige wêreld oor hulle sonde geword. Liefde is liefde, kant en klaar! Daar is niks oor die liefde verder te sê deur niemand nie.

Teenoor wie is hierdie slagspreuk gerig? Hierdie slagspreuk is 'n woedekreet teen God self.

Christene dink en voel dat hierdie slagspreuk teen hulle as kerk gerig is, so asof dit bedoel is om Christene uit te wys as liefdelose en veroordelende mense. Egter, hierdie slagspreuk van die moderne wêreld, "liefde is net liefde!", is teen God self gerig. Hierdie slagspreuk is 'n magspreuk wat verklaar dat God nou net vir een keer en finaal moet aanvaar dat liefde is net liefde en dat God moet ophou om oor hulle liefde 'n oordeel te vel. Dit is God wat volgens hierdie sondige wêreld asseblief nou net moet aanvaar dat liefde is liefde!

2. In Openbaring 19 oordeel God oor liefde!

Die wyse waaroor God oor liefde oordeel word uitgebeeld oor hoe God verskillend oor die prostituut van hierdie wêreld (die sondige wêreld se liefdes) en oor sy kerk se liefde oordeel.

In vers 2 word gestel dat God waar en reg optree deur die prostituut te veroordeel vir haar sedeloosheid wat nooit liefde was nie. In verse 8 en 9 word die teenoorgestelde

God verheerlik Homself deur sy kerk se liefde

besluit van God weergegee: Hy verheerlik Homself deur die liefde, die regverdige daad van sy kerk, waarmee Hy hulle beklee het, deur saam met hulle 'n bruilofsfees te vier.

Die sondige wêreld se liefde is niks anders as die korrupsie van liefde nie. Dit is die verleiding om mag as ware liefde te glo, te voel en uit te leef en só liefde korrup te maak. (vers 2) God aanvaar nie hierdie tipe liefde waar mag as liefde verheerlik word nie. God veroordeel die wêreld en sy korrupte liefde deur hulle vir ewig te veroordeel. Hierdie veroordeling van korrupte liefde deur God is waar en reg. (vers 2) God se veroordeling van die sondige wêreld se verheerliking van mag asof dit liefde is, ontbloot die slagspreuk waarmee die wêreld teen God in opstand is: liefde is net liefde, en niemand mag oor liefde oordeel nie, kant en klaar.

Mag wat as liefde geglo, ervaar en uit geleef word, is nie liefde nie. Sonde kan nooit liefde wees nie. Sonde maak liefde korrup. Daarom is God se oordeel oor die wêreld se tipe liefde, reg en regverdig.

3. God laat sy bruid se liefde vir hom die ware liefde wees wat Hom as God verheerlik.

Dit word in open, 19 vers 8 só gestel: “God het haar dit vergun om fyn helder blink klere aan te trek.” Net soos 'n bruidegom vir sy bruid haar trourok koop, net so koop die Here die fyn, helder blink klere wat sy kinders dra.

Die kinders!

Die boek Openbaring is die verkondiging van die evangelie oor Jesus met prentjies. 'n Mens kan die evangelie oor die Here op twee maniere preek. Die een is om dit met woorde te doen. Dan vertel jy met woorde alles oor die Here sodat mense na die woorde moet luister. Die ander manier is om met prentjies te preek. Julle kyk na baie stories op julle fone, rekenars en die televisie wat 'n vertelling deur prentjies is. Wanneer dit een van hierdie wetenskapfiksie stories is, dan is die prentjies vol beelde van gevaarlike en gedroegkarakters. Hierdie prentjies wys alles sonder om dit regtig met woorde te vertel.

Dit is presies hoe die boek Openbaring werk. Ek het vir julle eers die evangelie van die Here uit 1 Johannes 4 en 5 gelees. Alles wat in hierdie verse met woorde verduidelik word, hoor ons nou hier in openbaring met prentjies.

Prentjiepreek is maar net 'n ander manier om die presies dieselfde boodskap oor die Here te hoor.

Johannes wys vir ons die prentjie van die Here wat 'n bruidegom is en die kerk wat sy bruid is. Dadelik verduidelik Johannes sommer self die prentjie van die fyn, helder

God verheerlik Homself deur sy kerk se liefde

blink klere wat die Here se bruid, die kerk, aan het. Dit is die regverdige daad van die heiliges. In die teks wat ons gelees het, staan daar dit is die “gelowiges” se daad, maar dit is nie ’n goeie vertaling nie. In die Grieks staan daar dit is die regverdige daad van die heiliges.

Die Here se heiliges verheerlik Hom as Here met regverdige daad. Dit is, hulle verheerlik Hom met liefde wat reg en volkome is, soos liefde reg en volkome volgens God se wet moet wees. Dit stel Johannes dan ook in 1 Joh.5: 3 só: “Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy geboorte gehoorsaam.”

4. Hoe koop God hierdie bruidsrok vir sy kerk, liefde wat reg en volkome is?

Die antwoord word kort en kragtig in ons teksvers gegee – deur die Lam wie se bruilofsfees dit is. Die Here koop hierdie rok deur sy bloed. Dit word in Openbaring op ’n paar plekke gestel dat die gelowiges losgekoop is met die bloed van die Lam: 1. “omdat U geslag is en met u bloed mense vir god losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie.” 2. “Hulle is onder die mense losgekoop as eerstelinge vir God en vir die Lam.”

Hulle is nie net losgekoop deur die bloed van die Lam nie. Hulle is ook gewas in die bloed van die Lam. Dit is hoekom hulle wit klere aan het. “Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam.” 7:14

Hierdie fyn, helder blink klere is gekoop deur die offer van die Here Jesus as betaling vir al hul sonde. Dit is die bloed van die Lam wat hierdie fyn, helder blink klere was en koop.

5. Is u liefde vir God reg en geheilig? Is die liefde wat u aan die Here toewy volgens sy wet, liefde deur regverdige daad, regte liefde?

Wanneer jy na jouself en na die wet van die Here kyk, dan is die antwoord – nee! Daarom moet u vanoggend na die tekens van die nagmaal hier voor die kansel kyk! Gewas in die bloed van die Lam! Heilig in my liefde vir die Here! Dit is wat die wyn en brood as tekens wys. Gekoop deur die bloed van die Lam! Regverdig liefde waarmee die Here my aantrek as sy bruid! Dit is waarvan die brood en wyn tekens is.

Daarom moet u die belangrike beklemtoning van vers 8 hoor: Vergun om te dra! Tóégelaat om te dra! Gegée om te dra!

Hierdie volkome en regte liefde volgens die wet van God, is die fyn, helde blink klere wat God ons gee en vergun om te dra. Hy laat en maak ons liefde vir God, heilige liefde en regte liefde deur die bloed van die Lam, nie deur ons gehoorsaamheid aan die wet nie.

God verheerlik Homself deur sy kerk se liefde

6. Wie is hierdie bruid van die Here wat Hy vir Homself gereed gemaak het om Hom te verheerlik met haar liefde vir Hom?

Dit is hulle wat vanoggend die tekens van die nagmaal in die geloof opneem in die Lam! Want hierdie is die tekens van die bruilofsmaal van die Lam! Dit is hoe die Here se bruid haar self gereed maak om die liefde met die bruidegom te vier!

Ons is heilig vir die Here se liefde, en ons liefde is vir die Here heilig, deur die bloed van die Lam! My liefdesdade, is regte liefde, regverdige dade omdat ek losgekoop is van my sonde deur die bloed van die Lam!

7. 'n Bruilofsfees vir sy bruid, 'n bruidegom vir sy bruid! 'n Regter vir die prostituut en ewige verdoemenis en verwerping van die prostituut!

Vir God is alles nie maar sommer net liefde wat liefde genome en en liefde voorgehou word nie. Alles wat mense graag as liefde wil glo, voel en uitelef, is nie vir God sommer net liefde nie. God oordeel of liefde werklike liefde is, al skree mense hierdie magspreuk teen God: liefde is liefde! God buig nie voor hulle magsdrif om sy oordeel oor liefde op te gee nie.

Hy veroordeel die liefde van die prostituut en laat Hom verheerlik deur die liefde van sy bruid!

Ons mag nie vanoggend die fout maak om die onderskeid tussen die prostituut en haar liefdes teenoor die bruid en haar liefde vir die bruidegom, direk op ons eie verhoudings van toepassing te maak, so asof dit hier oor mense sou gaan wat getrou is in hulle huwelike of mense wat ontrou is in hulle huwelike nie.

Hierdie voorbeeld gaan oor God en watter liefde God Hom mee laat verheerlik. Daarom gaan dit in hierdie voorbeeld oor wie se liefde verheerlik God as God. Verheerlik die wêreld se liefde, waar hulle mag en krag hulle liefde is, vir God, of die tipe liefde van die kerk van die Here, waar gehoorsaamheid aan God se wet hulle liefde vir God is, die Here?

Want dit is die aanspraak wat hierdie sondige wêreld maak met hulle magspreuk en slagspreuk teenoor God: liefde is liefde! Hulle glo, voel en dink dat hulle magtigheid en kragtigheid is goddelike liefde, en hulle goddelike liefde is dieselfde as die kerk se liefde as gehoorsaamheid aan God se wet.

Hulle eis dat God nie tussen hierdie liefdes mag oordeel nie.

8. God egter onderskei tussen die liefde wat die wêreld vir God het en die liefde waarmee Hy sy kerk vir Hom self mee bekleed het. God laat Hom verheerlik deur die

God verheerlik Homself deur sy kerk se liefde

liefde van sy kerk en God verwerp die liefde waarmee hierdie wêreld Hom liefhet. Want dit is nie liefde wat Hom verheerlik nie. Die wêreld se liefde vir God is vir God as God 'n vernedering

Die wêreld se liefde wat hulle propageer dat liefde is net liefde, is die verleidelikheid van die blink vrou van Openbaring 17. Hierdie blink vrou gee altyd voor dat sy God se geliefde vrou is, sy eintlike ware liefde. Sy gee voor dat God haar bemagtig met sy krag, mag, lewe, wil en drome. Dit is wat sy uitstal met die magsimbole waarin sy haarself klee, nie God nie: met klere wat krag en mag vertoon wys sy sy leef in die mag en krag van God! Met edelgesteentes vertoon sy dat sy die mag en krag van God verteenwoordig, en met haar gouer beker vol onsedelikheid, vier sy haar sonde as liefde vir God! Dit is wat sy vandag met hierdie slagspreuk demonstreer: haar sedeloosheid is liefde, want liefde is net liefde!

9. Ons het in hierdie preekreeks gesien dat vir hierdie goddelose wêreld is hulle mag en krag hulle liefde. Daarom is liefde vir God vir hulle om deel te wees van die krag, die mag, die lewe die raadsplan, die vise, missie, drome en wil van God asof dit hulle eie is.

In die taal van die boek Openbaring, spog die blink vrou dat sy God se vrou is, omdat sy self deel van die krag, mag, lewe en drome van God is. Dit is die drif van elke afgodsdienste in hierdie wêreld. Mense maak met hul sonde, God 'n kragtige, lewende, innige en bruikbare afgod. Hulle wraakgierigheid is die krag van die god Apollo; hulle belustigheid is die krag van die godin Venus; hulle losbandigheid is die krag van die god Bacchus; hulle heerssugtigheid is die krag van die god Zeus. Wêreldse liefde vir God is die tipe liefde waardeur goddelose mense glo hulle laat God weer God wees en soos God laat voel in hierdie wêreld.

10. Wat doen God met hierdie liefde?

Net soos die sedeloosheid waarmee 'n prostituut 'n man verneder om in haar sedeloosheid kamstig weer soos 'n ware man te voel, net so wil hierdie wêreld met God maak. Deur hulle innigheid met sy krag, mag en lewe, wil hulle weer vir God soos God laat voel.

- Hierdie prostituut kan God weer soos God laat voel deur die krag van haar lewe deel van God se lewe te laat wees!
- Hierdie prostituut kan God weer die magtige God van hierdie wêreld maak deur sy koninkryk deur haar te laat kom!
- Sy kan weer vir God soos God laat lyk in hierdie wêreld deur God se beeld in haar magtigheid vir die wêreld te vertoon.
- Sy kan God weer die gevoel gee dat Hy 'n liefdevolle en betekenisvolle god is deur God in haar lewe en hart te laat leef.

God verheerlik Homself deur sy kerk se liefde

God moet Homself deur prostitusie as 'na kragte, magtige, lewende en betekenisvolle afgod vind in hierdie wêreld van die magtige goddeloses. Is prostitusie verheerliking of vernedering? Dit is vernedering! God moet Homself deur die sedeloosheid van hierdie wêreld laat verneder as Hy nog op enige manier vir hulle 'n god wil wees. Vir hulle kan Hy net god wees as Hy van homself vir hulle 'n afgod maak!

11. Wat doen God met hierdie liefde waarin Hy nog net 'n afgod vir 'n mens kan wees? Aanvaar Hy dit onder die aanslag van die magskreet: liefde is liefde en God mag nie liefde oordeel nie?

God laat Hom nie verneder deur hierdie liefde waarin die wêreld Hom soos God wil laat voel en lyk in hulle lewe nie. God verwerp die prostituut se sedeloosheid met Hom as afgodsdienste en veroordeel haar liefde as sedeloosheid.

Daarom is die reg dat God hulle liefde veroordeel! Want God maak Homself nie goedkoop met liefde wat nooit liefde kan wees nie. God verneder Homself nooit om in mense sy krag, mag, en lewe te moet vind asof hulle Hom maak wat Hy is nie. God is nie die afgod in mense se lewe nie. God is God!

Hy laat Hom net verheerlik deur die liefde van sy bruid! Sy kerk!

Want Hy het hulle met hierdie liefde bekleed. Hy het deur sy bloed as Lam hulle gewas om geheilig te wees in hul liefde vir Hom. Hy het met sy bloed hulle losgekoop sodat hulle vir Hom regverdig in hulle liefde vir Hom kan wees.

God bekleed hulle met die liefde waarin Hy hulle vir Homself gereed maak.

12. Ons is bestem vir die bruilofsmaaltyd van die Lam!

Daarom sal die dag wat vir die prostituut en haar kinders die dag van finale afrekening wees, deur hulle in te samel om die vonnis wat oor hulle gevel is deur die een en enigste hofsak oor sonde, die veroordeling van Jesus Christus, uit te dien.

God sal hulle bymekaar kry uit die dieptes van die see waar hulle verdink het, uit die grafte waarin hulle weg gelê was en Hy sal hulle liefde vir Hom vir ewig verwerp. God het, sal en laat Hom self nooit ophou met die sedeloosheid van die prostituut wat Hom niks anders as 'n afgod maak nie.

Kan u dink hoe ontrend dit vir God is om 'n afgod te moet wees vir hulle wat hulle sedeloosheid as liefde wil vier, vir hulle wat hul een en deel van sy krag, mag, lewe en wil as God wil utoel, asof hulle God weer sal laat voel en laat ervaar dat Hy vir 'n slag weer God is? Hoe kan God Hom aan die een kant deur die liefde van sy kerk as

God verheerlik Homself deur sy kerk se liefde

bruidegom laat verheerlik, maar dan van sy bruid wegloop om vir die Hindoes 'n olifant met tien slurpies te wees wat te vrede is met papajas en piesangs? Hoe kan God Hom self onteer deur 'n afgod vir die prostituut te wees? Hoe kan God Homself verheerlik deur sy bruid se liefde wat aan sy wet toegewy is, en dan as 'n afgod gaan rondlê saam met die voorvadergeeste en Hom laat eer met bier op klipgrafte? Hoe kan God Homself verheerlik deur sy bruid se regverdige daade, en terselfde tyd Hom laat onteer deur hulle wat Hom wil bemagtig om in en deur hulle vir 'n slag weer soos 'n kragtige, teenwoordige, lewende god te laat lyk en te laat voel met hulle herlewing van sy godheid in hulle?

God sal hierdie prostituut veroordeel tot die ewige verdoemenis wat Hom so as God onteer het en hulle ontering van Hom as God as liefde gevier het met hulle goue beker.

Maar ons wat gewas is en gekoop is deur die bloed van die Lam, sal as sy bruid verheerlik word: ons is bestem vir die ewigheid met en in God se liefde, want ons het sy liefde geken en in sy liefde geglo.

13. Ons gebruik vanoggend die nagmaal!

Watter beker gaan ons gebruik? Gaan ons die beker van die Here opneem of gaan ons vir die Here 'n goue beker aanbied?

Gaan ons vir die Here die goue beker aanbied dat ons vir Hom die geleentheid gee om weer soos 'n ware god te wees en te voel? Gaan ons Hom God maak deur aan Hom ons hart en lewe te gee waarin Hy met ons sy krag en mag, sy lewe en drome kan kom deel sodat Hy weer 'n plek in hierdie wêreld kan kry?

Dan is ons die prostituut wie God vir haar liefde veroordeel het, want haar liefde is niks anders as 'n eiemagtigheid en selfbemagtigde kragtigheid waarin God nog net 'n afgod kan wees nie.

Gaan ons vir God die beker aanbied waarmee ons verklaar liefde is liefde en Hy moet dit aanvaar! Ons sonde is ons liefde en Hy mag sy krag in ons sonde kom vind! Dit kan tog nie! Dit is net nie wie ons is nie! Ons gee nie vir God 'n goue beker nie. Hy gee vir ons die beker met die bloed van die Lam. Hierdie beker verseker ons dat ons gewas is en gekoop is deur bloed van die Lam en dat die Here ons bekleed met liefde wat Hy vir Hom reg en volkome laat wees volgens sy wet.

Daarom is hierdie nagmaal soos 'n uitnodiging na die bruilofsmaal van die Lam. Wanneer ons vir iemand 'n uitnodiging na 'n bruilof gee is dit eintlik net 'n bevestiging dat hy ingesluit is by die fees, dat sy plek gereed is en dat hy as een van die uitverkorenes gaan ontvang word. So is hierdie teken van die nagmaal 'n versekering

God verheerlik Homself deur sy kerk se liefde

dat ons die bruid en die gaste van die bruilofsfees van die Here is wanneer Hy weer kom.

Kom ons neem die beker van die Here wat Hy vir ons gee, en glo dat Hy ons as sy bruid gereed gemaak het: ons dra die fyn helder blink klere, die geregtigheid en heiligheid waarby Hy ons insluit en ons mee bekleed! Kom ons skei ons af van hulle wat vir God 'n goue beker gee sodat Hy saam met hulle hul sedeloosheid as liefde moet vier!